

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

ONS LAND IN VLAMME



FIBRE INTERNET



BENODIG MEER SPOED & BETER KONNEKSIE VIR

- TUIS KANTOOR • SPELETJIES • WOLK SKOOL
- KONNEKSIE MET VRIENDE EN FAMILIE

KRY JOU KOPPELING NOU!

(016) 931 1706 www.telecomputers.co.za

**VIR DIE BESTE & VINNIGSTE INTERNET MET DIENS VAN
ONDERSCHEIDING BEDIEN ONS HEILBRON AL REEDS
VAN 1990!**



teleinternet
information excellence

Beheerde voorbrande is vroeg Woensdag in die veld agter Huis Bron-van-Heil in Heilbron gemaak. Die vuur het later weer opgestaan en die donker rookwolk wat gedurende middagete oor die dorp gehang het, het groot kommer onder die Heilbronnens gewek. 'n Mens verwag maklik die ergste as gevolg van die toestand waarin die land homself bevind. Die brand was egter vinnig onder beheer gebring.

Brande verswelg ook groot dele in die Suid-Westelike dele van die Vrystaat waar verliese van vee, wild en stukture gerapporteer is. Daar is nog nie sekerheid oor die totale omvang van die skade nie.

Totale chaos het die afgelope week in dele van die land se strate geheers met geweldadige onluste en vandalisme wat geboue, winkelsentrums en kleinsakeondernemings in puin gelaat het. Die betogings is glo ter ondersteuning van oud-president Jacob Zuma wat onlangs begin tronkstraf uitdien het. Die situasie ontwig noodsaaklike dienslewering, vertraag die inentingsveldtog en bedreig mediese- en voedselsekureit.

Verskeie besighede in die Vaaldriehoek het ook gesluit as voorsorgmaatreël toe dit lyk of betogings daar sou begin opvlam. Gemeenskappe moet saamwerk om ons land te beskerm en op te bou om sy volle potensiaal te bereik.

'n Versoek word op alle inwoners en omliggende boere gerig om paraat en op bystand te wees tydens die brandgevaar-seisoen.

**BKB
LOUWID**

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE**



**Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135**

Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071


E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

www.bkb.co.za

Reg. No: 2005/026173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

'N RONDE 80 JAAR ONSGROET 'N OU BEKENDE HEILBRONNER



Die komende naweek sal 'n bekende inwoner van Heilbron sy 80ste verjaarsdag vier. Wessie van der Westhuizen sal Sondag, 18 Julie hierdie mylpaal bereik. Hy bedank al die Heilbronners vir hulle omgee en vriendelikheid.

In liefdevolle herinnering aan Elize Engelbrecht, moeder van Elzabé Grant en Dirk Engelbrecht. Elize was getroud met Dawid Engelbrecht. Sy is in Springs gebore, maar was die afgelope 18 jaar 'n inwoner van Heilbron.

Die roudiens sal plaasvind op 17 Julie 2021 om 11:00 op die plaas Charleston. As gevolg van die Covid-19 regulasies vlak 4, kontak asseblief vir Elzabé Grant indien u die diens wil bywoon, sodat getalle bepaal kan word.

Sy laat na haar man Dawid, Elzabé, Raymond, kinders en kleinkinders, sowel as Dirk, Emily en kinders.



MANDELA-DAG



Covid-19 bly steeds in die kollig en het die gevolge daarvan reeds talle mense werkloos gelaat en in armoede gedompel. Rondom hierdie tyd van die jaar is verskeie besighede besig om voor te berei vir Mandela-dag op 18 Julie. Verf en toerusting word bymekaar gemaak en hande word gesoek om die plaaslike liefdadigheidsorganisasies op te kikker en uit te help, waar nodig. Mense moet kreatief dink om ondersteuning te bied aan organisasies wat swaarkry as gevolg van die Koronavirus en nou ook as gevolg van die huidige onluste onder vansalisme deurgeloopt het, sonder om fisies daar te wees.

1. Vra voordat jy skenk
Vra 'n liefdadigheidsorganisasie wat hulle nou nodig het om dinge makliker te maak. Miskien is dit kos, komberse of 'n bydrae tot hul elektrisiteitsrekening. Hulle versoek kan verbasend eenvoudig wees en maklik om te laat gebeur.

2. Your trash is another man's treasure
Die inperkingsperiode het baie ondernemings gedwing om hul tegnologie op te gradeer en meer digitaal voort te gaan. Oorweeg dit om

ou rekenaars en slimfone aan skole, nie-regeringsorganisasies of ander leerinstellings te skenk wat jongmense in minder-bevoorregte gemeenskappe ontwikkel en ophef.

3. Geld word altyd waardeer
Jy kan 'n donasie gee aan die stryd teen COVID-19 deur groot inisiatiewe te ondersteun, maar jy sal miskien nooit die impak van jou bydrae sien nie. As jy direk aan 'n organisasie in jou plaaslike skenk, sien jy die impak voor jou.

4. Het jy nie geld om te gee nie?
Daar is soveel wat elkeen kan doen vir baie min of geen geld nie, soos om dienste aan jou gekose liefdadigheid te bied. NRO's sal dankbaar wees vir hulp met hul finansies, 'n webwerf, regsadvies of mentorskap. Die wêreld het 'n virtuele drukkies nodig! Die lewe is baie moeilik vir baie mense op die oomblik en dit word vererger deur onluste. Miljoene ly en miljoene voel hulpeloos en angstig, insluitend ons eie mense. Ondersteun plaaslik, dra by tot ons gemeenskap en maak 'n verskil op maniere wat ons nooit as moontlik gedink het nie.

GiG Technologies (Pty) Ltd

Contact us for a free Quotation

Church street 44

Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

New!!

AJAX Wireless Smart Home Security Systems

SEWE GEARRESTEER MET DWELMS

Lede van die Welkom Reaksiespan het informasie ontvang van dwelms wat by 'n spesifieke huis in Mamafubedu naby Petrus Steyn verkoop word. Die reaksiespan het takties die geslote huis binnegegaan en sewe mense in die een vertrek gevind. Die huis is deursoek en daar is beslag gelê op 99 .22 patrone, 'n speelgoedgeweer, twee 9mm rondtes, 49 sakkies Nyaope asook 19 sakkies "Crystal Meth" en kontant. Ses mans tussen die ouderdomme van 25 en 32 en 'n 24-jarige vrou is gearresteer vir die besit van ongelisensieerde ammunisie en die besit van dwelms. Die sewe verdagtes het onlangs hulle verskyning gemaak in die Petrus Steyn Landdroshof en verdere ondersoekte duur voort.



Het jy geweet?

A-GRAAD APTEEK

Local Choice Platteland Apteek het Oktober verlede jaar amptelik hulle deure in Heilbron geopen. Nadat hulle kort na hul opening deur die Suid-Afrikaanse Aptekersraad besoek is vir inspeksie, het die apteek 'n A-Graad gradering ontvang. Die hoofdoel van die inspeksie is om die standaarde van goeie aptekerspraktyk in apteke te monitor deur middel van gereelde inspeksies. Tekortkominge kan dan

reggestel word om seker te maak die publiek word voorsien van 'n omvattende farmaseutiese diens. Gradering word bepaal deur 'n vraelys en die gradering bepaal die volgende apteek inspeksies. Met Platteland Apteek se A-Graad gradering sal hulle eers weer oor drie jaar geïnspekteur word en is hulle sertifikaat geldig tot 31 Desember 2023.

LAE PRYSE VIR JOU elke dag



SPAR
Vars Melk met
Verlengde Raklewe
Segs Volroom of Lie-Vet
2 liter

26⁹⁹
stk.



Bokomo
Veet-Bix
450 g



Kry
R3 off
Rewards kaartjie betaal

19⁹⁹



Vyf Rose
Ceylon Versnit
Lyflose Teesakkie
100

39⁹⁹



Bakery
Eet-Sum-Mor
Beskuitjies
200 g

18⁹⁹
per pak



Dorspreklike, Remise of
Pikante Mayonnaise of
Slim Verminderende Die Skakelous
250 g / 750 g / 730 g
of Drukbofel (500 g)

Nola
Mayonnaise

24⁹⁹
stk.



Clover
Cheddar-
Gouda- of Tussers-
Kaas 800 g

94⁹⁹
stk.



Selati
Goudbruin
Suiker
2 kg

28⁹⁹



Tasto
Multigraan-, Volgraan Bruin-,
Sag & Absorberende Wit- of
Snedgraan Langkornel-
Rys
2 kg



Kry
R2 off
Rewards kaartjie betaal

26⁹⁹
per pak



SPAR
IQF Gemengde
Hoenderporresies
2 kg

64⁹⁹

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.

SPAR



Beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit vanaf 13 Julie tot en met 16 Julie 2021, terwyl voorraad hou).

Ons benou die reg voor om hoeveelhede te beperk. Nie beskikbaar in die Upington en Keimoes area, KwaZulu - Natal, die Laeveld of Berlaan en die Wes of Oos - Kaap.

TV produkte landwyd beskikbaar. Priese sluit BTW in.



UIT DIE PEN

Eendag, lank, lank gelede, het ek ’n man geken wat my die son en die maan en drie planete belowe het. En as hy nie so oulik was nie, het ek lank se tyd al dwarsdeur hom gesien. Kom ons noem hom Dawid.

Wat Dawid so spesiaal gemaak het, was dat hy ’n joviale kêrel was. Verder kon hy min of meer alles organiseer, soveel so dat die meeste mense gedink het dat hy die ene is wat al die werk gedoen het. In die tussentyd het hy net gereël dat alles gedoen word. En dan een van sy simpel sigarette aangesteek en lekker op sy hurke gaan sit terwyl hy na die werkers kyk.

Dawid het van sy eerste vrou geskei. Ek kan nie eintlik onthou wie het van wie geskei nie, want volgens hom het sy hom kaalgat uitgetrek (nee, nie letterlik nie) en sy was ’n onaangename mens. Hulle het drie kinders tussen hulle gehad, en

WEEK AGT-EN-TWINTIG VAN 2021

volgens hom moes hy die plaas verkoop omdat sy vrou so spandeer het. Ek dink nie dit was die waarheid wat hy my vertel het nie, maar dit het ek ongelukkig laat in ons verhouding uitgevind.

Hy is uiteindelik weer met dieselfde vrou getroud, en ek dink hulle is nou weer gelukkig geskei. Ek het daardie boek lank gelede toegemaak, en voel vere vir waar hy tans is.

Ieder geval: hoekom ek hierdie met Dawid en sy vrou begin het, is omdat hy eendag vir my vertel het hoe skelm sy vrou was. Wanneer hy my van haar liegstories vertel het, het hy altyd gesê: “Sy het hom weer ’n poep gevoer.”

Ek is jammer dat die werkwoord in die vorige sin jou effens ontstel het, maar wees nie bevrees nie: almal laat ’n wind af en toe. Of jy dit nou wil glo of nie.

Ek kyk met verwondering rondom my en ek kan nie glo dat groepe mense tot soveel skade in staat is nie. En hoekom? Want hulle is ’n poep gevoer. So maklik soos dit.

Hulle sogenaamde leier is in die tronk omdat hy ’n paar uitnodigings vanaf die voorsitter van die Zondo-kommissie van die hand gewys het. Die laaste keer wat hy daar was, het hy sommer net sy paai gevat en gewaai en die res in hulle ghwar gestuur. Hy het nie aan die oproep om te getuig gehoor gegee nie, en lang stories daarna is hy tronkstraf opgelê. Dis nou nadat hy gesê het dat hy eerder sal wil tronk toe gaan.

En toe gaan hy. En nou is dit ook nie goed genoeg nie.

So brand die land. Letterlik.

Eerstens: dit laat my dink aan ’n uitdrukking van George Carlin. “Never

underestimate the power of stupid people in large groups.” Nou vir hoekom sou ek dit nou aanhaal?

Hier is die ding: die mense in die groot groepe wat tans so amok maak, is ’n poep gevoer, want die baie slim advokaat, familie, vriende en ondersteuners van die persoon wat tans in die tronk is, vertel vir hulle dat hy onskuldig is. En die groep mense glo dit. Hulle eet letterlik die poep vir soetkoek op.

Hulle glo die leuen dat die regstelsel hulle leier gefaal het, en dat almal aan die kant van die wit monopolie kapitaal is, hulle weet nie van beter nie, want hulle eet die poepe op.

So sit die familie en vriende op die tronkmens se landgoed en hits die geweld verder aan, terwyl hulle sekerlik doodluiters langs die firepool sit en aan hulle G&T teug. Of dalk aan een of ander ingevoerde whiskey. Die een dogter stuur twiets uit om mense aan te moedig om nog meer stupid people in large groups te wees, die ander seun plaas elke dan en wan iets op Instagram of ander sosiale media om dankie te sê vir almal te ondersteuning.

Tweedens: Hoekom, o, hoekom, sal hierdie mense die naaste winkelkompleks (onder andere) aan die brand gaan steek? Fast forward gou na drie weke vorentoe: Die naaste winkel is in dieselfde winkelkompleks wat hulle so pas afgebrand het, en waar gaan hulle nou kos koop? Asof dit nie genoeg is nie, gaan daar nog meer mense sonder werk sit, want hulle eie onderneming of hul werkgewer se onderneming is afgebrand. Hulle is honger vir brood, maar Albany bakkerij in KZN het klaar gesê hulle bak nie meer brood vir die volgende week nie. Die

boere pluk nie meer lemoene nie, ook nie neut nie, mense kan nie meer per bus na hulle werksplek toe nie. Almal ly daaronder. Waar gaan almal geld kry om die afgebrande winkels weer te herbou? Nou wat nou?

’n Vrou wat in ’n plakkerskamp woon vertel my dat daar mense in nabygeleë huise is wat nou reuse grootskerm TV-stelle in hulle huise het. Sonder elektrisiteit. Man, is dit nie nou ’n teleurstelling nie: TV, maar geen elektrisiteit. Tsk, tsk.

En toe dit nie goed genoeg is nie, word die fabriek, waar dieselfde TV’s gemaak word, ook sommer afgebrand. Deur stupid people in large groups.

Dalk verstaan ek dit nie. Maar ek verstaan wel ’n bietjie van die reg, en dit is my oortuiging dat baie van die opstokers ’n poep gevoer is. Wat hulle met graagte sluk. Want dit is makliker dat iemand anders vir hulle dink.

Toe ek gisteraand in my bed lê en hierdie hele ding bedink, was dit so half asof die kwaad en die bang uit my lyf wyk. Ek het lank gedagtelos gelê, totdat daar ’n nuwe gebed in my opgestyg het.

Here, laat elkeen wat die afgelope week ’n klip opgetel het om iets stukkend te gooi, of ’n vuurhoutjie getrek het om iets af te brand of ’n mens se lewe bedreig het of enige skade aan iemand aangerig het, tot bekering kom. Want mense wat God se ware liefde in hulle harte het, sal nie so harteloos optree nie.

My woorde is op, gedaan, klaar, vir wat ek rondom my sien. Dit laat my siel huil, want hulle siele is nie gesond nie.

PANEEL 13

Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



MOORD OP RETIEF



Paneel 13.

■ Quarta Pretorius

Hierdie paneel is ’n uitbeelding van die moord op die Voortrekkerleier Piet Retief en sy sewentig manskappe op 6 Februarie 1838. In die agtergrond is Dingaan se hoofstad UMgungundlovo, waar die slagoffers oorval is. Volgens Zoeloe-oorlewering is die Voortrekkers as ’n teken van minagting met stokke en klippe doodgeslaan, soos met honde sou gebeur, en nie met assegaie of knopkieries gedood soos krygsmanne se lot gewoonlik was nie. Retief is volgens tydgenootlike beskrywings regop gehou en gedwing om die uitwissing van sy

manskappe te aanskou voordat hy doodgemaak is. Die hartseerste is seker dat hy moes sien hoe die Zoeloes sy seun doodgeslaan het. Sy bladsak waarin die traktaat oor grondafstand is, is op die grond langs hom sigbaar. Die moord het op die mees wreedste manier geskied.

Retief se besluit om sonder hul gewere in Dingaan se kraal in te gaan, was seker die grootste fout wat hy kon maak. Mens kan glo dat hy as Christen gedink het dit is die regte manier om die Voortrekkers se vriendskap met Dingaan te bewys.

Die Beeldhouer was Frikkie Kruger

POSTNET HEILBRON

NEW!

SAME DAY

COLLECTION AND DELIVERY

BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE!

FOR ONLY R75

CONTACT US TO ARRANGE YOUR COLLECTION OR DELIVERY!

SASOLBURG

VEREENIGING

VANDEBIJLPARK

42 Els Street, Heilbron

heilbron@postnet.co.za

058 853 0006

064 988 6078

POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE: Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdag: 09:00 -12:00

Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING
INSOLVENTE BOEDEL: RYAN DU PLESSIS
(ID NUMBER: 960706 5104 088)
Meestersverwysing: B109/2020
Kennis geskied hiermee dat die ondergenoemde as Trustee aangestel is en dat persone wat enigiets aan die boedel verskuldig is onmiddellik hul skulde by die genoemde Trustee moet vereffen.
’n TWEEDE Vergadering van Krediteure van bogenoemde boedel sal plaasvind op **DONDERDAG 12 AUGUSTUS 2021 om 09:00** te die Landdroshof in Heilbron vir die volgende doeleindes:
1. Bewys van Eise;
2. Verslag van Likvidateure te aanvaar en
3. Om besluite en opdragte te aanvaar.
SONIA SAFFY P/A HONEY KAMERS, KENNETH KAUNDA STR, BLOEMFONTEIN
TEL: (051) 403-6600

NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS
In the Estate of the **LATE MARIA ELIZABETH ROETS, IDENTITY NUMBER 351027 0005 080**, Widow, Property residing at 39 Huis Bron-van-Heil, district Heilbron, Province Free State who died on 26 May 2021, **Estate Number: 5517/2021**.
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on this 6 July 2021.
(GET) **AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC**
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650

NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS
In the Estate of the **LATE HENDRIK ADRIAAN ROETS, IDENTITY NUMBER 300911 5014 084**, married in community of property, to **MARIA ELIZABETH ROETS, IDENTITY NUMBER 351027 0005 080** residing at 39 Huis Bron-van-Heil, district Heilbron, Province Free State who died on 13 May 2021, **Estate Number: 5459/2021**.
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on this 6 July 2021.
(GET) **AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC**
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650

KENNISGEWING
Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE CALVIN JOSEPH DLAMINI, IDENTITEITSNUMMER: 720915 5776 081** in lewe ’n admin klerk, woonagtig te 1348 Fisherstraat, Reitz, 9810.
Datum van afsterwe: 8 April 2020.
Boedelnummer: 003830/2020
Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
Kennisgewing vir publikasie: 16 Julie 2021.
MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6
REITZ, 9810

PUBLIC HOLIDAYS 2021
9 August: National Women’s Day
24 September: Heritage Day
16 December: Day of Reconciliation
25 December: Christmas Day
26 December: Day of Goodwill
27 December: Public Holiday

PLOEG SEMOER

Egite

LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

JAARBEPLANNER

JULIE 2021
23 Jul. - AP Kerk (Verkopings)
30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)
AUGUSTUS 2021
6, 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoop)
28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)
SEPTEMBER 2021
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)
OKTOBER 2021
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)
NOVEMBER 2021
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

WEERVOORSPELLING

Sa. 17/7	-1/17	Sonnig
So. 18/7	-1/18	Sonnig
Ma. 19/7	2/21	Sonnig
Di. 20/7	2/21	Sonnig
Wo. 21/7	0/21	Sonnig
Do. 22/7	-2/12	40% kans vir laatmiddag buie
Vr. 23/7	3/16	Sonnig
Sa. 24/7	4/18	Sonnig
So. 25/7	5/18	Sonnig
Ma. 26/7	6/19	Sonnig
Di. 27/7	2/15	Bewolk
Wo. 28/7	6/19	Sonnig
Do. 29/7	7/19	Sonnig
Vr. 30/7	7/17	65% kans vir reën
Sa. 31/7	2/15	83% kans vir reën
Ma. 1/8	5/15	Sonnig
Di. 2/8	4/17	Sonnig
Wo. 3/8	3/17	Sonnig

Herald

Office National

SHOP NOW!

WHAT IS POPI ACT?

The Protection of Personal Information Act applies conditions for the lawful processing of personal data of South Africans.

Which shredder to buy?

Cross-Cut Shredder (P-3) or P-4 or a Micro-Cut Shredder (P-16) and to be really safe, you can use a Super Micro-Cut Shredder (P-16) or a Super Fine Micro-Cut Shredder (P-46).

058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

DIENSTE



Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL VAN SOJA- /MIELIERESTE
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL- KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

BLOEDSKENK DATUMS

Save Life Give blood

27 Julie
28 September
23 November

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.* Kantoorure 058 852 3033.

TE KOOP

VOER TE KOOP
Skakel 083 688 8256
K0746

Winkelure

MAANDAE - DONDERDAE
07:30 - 17:00
VRYDAE:
07:30 - 16:30
SATERDAE:
08:30 - 13:00

Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033

SMALLS EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT


Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vrystraat.co.za
13 Heilbronstraat 97, Frankfort, 9830
Tel: 052 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE
• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
• John Watson john@heilbron.co.za
• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
• Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

POSTNET HEILBRON
Besigheidsure
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdag: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

M
MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

DANKIE VIR 30 JAAR!

Flora Khumalo, of Jabulile, soos wat meeste mense haar ook geken het, het by Heilbron Herald begin werk op 21 Januarie 1991. Sy was grotendeels verkoopsklerk by die winkel se foto- en faksafdeling. Na haar aanstelling 30 jaar gelede, gaan Flora op 60 jarige ouderdom

met pensioen en almal by die Herald is trots om saam met haar te kon werk. Verskeie kliënte verlang alreeds na haar vriendelike gesig agter die toonbank. Al die werkers by die Herald het bygedra om vir Flora 'n spesiale afskeidsgeskenk te gee.



Op die foto: Thea Potgieter, Delareyz Smit en Flora Khumalo.

SPESIALE PRYSE VIR DIE STROOP SEISOEN

DUPNO Trading BIED TOP GEHALTE PRODUKTE EN LEWER LANDSWYD AF TEEN ADDISIONELE KOSTES
PRYSE IS GELDIG TOT EINDE JULIE 2021

9m 40T/H Hidroliese awegaar + Staander	9m 40T/H Elektriese awegaar + Staander	8.5m MOBIELE AFLAAIK	8.5m STATIESE AFLAAIK
R 25 000 ex vat	R 24 500 ex vat	R 150 000 ex vat	R 135 000 ex vat

Ryno: 073 268 7565 | Keith: 083 280 9943
ryno.dupno@gmail.com | petzerks@gmail.com

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure

Maandae - Vrydae:
08:00 - 16:30

Saterdag:
09:00 - 12:00

Elsstraat 42
HEILBRON
Tel: 058 853 0006

YOUR ONE STOP DO IT ALL SERVICE! YOU JUST ENJOY THE PARTY!

Fun-TASTIC PARTIES & HIRE

Spandeer R200 of meer tussen 16 en 31 Julie en kry 10% afslag op jou aankope!

te Koop:	te Huur:
• Servette • Papierborde • Vluggies • Ballonne	• Speelgoed • Helium • Kartonbake • Sukkies

en nog vele meer!

PARTY-IN-A-BOX
Bestel 'n PARTY-IN-A-BOX volgens jou eie begroting, tema en behoeftes!
Kies tussen vlaggies, ballonne, boksies, papier koppies, servette, papier borde, partytjie pakkies en meer

NICOLENE
082 553 6555

BEL & BESTEL

Aflewering in Heilbron vir slegs R20

Bestel enige produkte by Postnet Heilbron, Herald Office National of Heilbron Herald en laat dit by jou voordeur afgelewer word vir R20! Gratis vir bestellings ter waarde van R250 of meer.

Aflewering sal geskied slegs in Heilbron een keer per dag vir bestellings geplaas voor 13:00, Maandae-Vrydae.

Bepalings en voorwaardes geld.

BLY VEILIG & BLY TUIS

LESEDI TELE CENTRE REGISTRATIONS

NOW OPEN - CLOSING DATE 19 JULY 2021 TIME : 08H00

WE OFFER COMPUTER PRINTER AND HUMAN RESOURCE MANAGEMENT
BOTH OUR COURSES ARE ACCREDITED BY FETAS/SAHARA THIS COURSE
We are based 100% SERVICE CENTRE (Rural)

Registration is R300 | N4 CP Monthly payment R 250.00 - N4 HR Monthly payment R 450.00

COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEET

Die huidige aangepaste Vlak 4-inperkingsmaatreëls is vir nóg twee weke verleng tot en met 25 Julie 2021. **Die volgende Vlak 4-maatreëls bly in plek:**

Geen openbare byeenkomste (sosiaal, polities of geloofbyeenkomste) word toegelaat nie. Wysigings is in die week aangebring en het slegs betrekking op byeenkomste en gemeenskapsbyeenkomste wat deur lede van die parlement, lede van provinsiale wetgewers, raadslede, leiers van politieke partye, godsdienstige leiers en tradisionele leiers gehou word om noodgevälle te hanteer. Die byeenkomste word beperk tot 50 mense en persone moet minstens 1.5 meter sosiale afstand handhaaf. Die besluit is geneem sodat gemeenskappe in gesprek kan tree en besluite kan neem oor sommige dele van die land wat geteister en

geplunder word. Die aandklokkeëls geld van 21:00 tot 04:00. 'n Algehele verbod op alkoholverkope. **Aangepaste maatreëls sluit in:** Skole bly gesluit tot die 26ste Julie. Restaurante mag weer persone bedien, maar onder streng voorwaardes. Nie meer as 50 mense op 'n slag nie, en vir kleiner lokale word slegs 50% van die normale kapasiteit toegelaat. Gimnasiums en fiksheidssentrums mag heropen, volgens streng voorwaardes. Landbou-veilings word weer toegelaat, volgens streng voorwaardes. Dit is vandag dag 477 van die inperkingsperiode en die jongste getalle toon dat daar 2 236 805 bevestigde gevälle in Suid-Afrika reeds aangekondig is. Die dodetal staan op 65 595 en reeds 1 970 516 mense het van die virus herstel. Suid-

Afrika is steeds die land met die 18de meeste Covid-19 gevälle in die wêreld. Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 15 Julie 2021 en dui aan Ngwatho het 3 888 bevestigde Covid-19 gevälle waarvan Heilbron op 1 038 staan en is daar 48 positiewe gevälle bygevoeg sedert 8 Julie 2021. Reeds meer as 4 miljoen landsburgers is al

teen Covid-19 ingeënt. Gaan na die amptelike Suid-Afrikaanse Covid-19 vaksineringswebwerf en registreer om die inenting teen die virus te ontvang. Almal wat registreer sal 'n SMS kry wanneer dit jou beurt is vir die inenting met 'n datum, tyd en plek. Registrasies is nou oop vir almal 35 jaar en ouer. Gaan na <https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/> om te registreer.

HEILBRON *Duiwenrus*

Verlede naweek se wedvlugte was vanaf Smithfield oor 'n afstand van 355km. Ten spyte van 'n wind van voor het die duiwe nogtans 'n gemiddelde spoed van 80 km per uur gehandhaaf. Zenith Hokke se A-span het albei wedvlugte gewen. Die kortpad wedvlugte is verby. Volgende naweek is dit vanaf Gariepdam, 440km. **Smithfield JO**

1. Zenith A
2. OJ's Hokke

3. Zenith A
5. Zenith A
7. Zenith A
9. Zenith A

Smithfield Ope

1. Zenith A
3. Zenith A
5. Zenith B
7. Stemmett Hokke
9. Koos & Wilné

4. Zenith A
6. Zenith A
8. F Viviers
10. Zenith B

2. Zenith B
4. Koos & Wilné
6. F Viviers
8. OJ's Hokke
10. Zenith A

1		8			5	2		9
3				2				7
				7	1			
4		2						
	9	1				6	7	
						1		2
			8	5				
5				9				4
7		4	2			5		8

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.



Grendelstraat 394
Locktown
2021

24 April 2021

Liewe dominee Braam,

Oom Danie wil nie kla nie. Die tannie sê as ek so begin dan gaan ek kla, maar so kan dit nie aangaan nie. Oom is nie alleen nie. Ou Pit by die hardeware sê teen die pas wat vooruitgang nou agteruit gaan, is ons een van die dae terug by Jan van Riebeeck. Dominee ken hom. Dit is hy wat met die wyksbraai in die swembad geval het. Dis nou Pit, Dominee, nie Jan nie. Sy vrou sê sy sien al hoe hy met die Drommedaris, wind op terug reverse in Holland. Sy praat van Jan, Dominee. Oom vertel vir die tannie wat Pit se vrou sê. Sy sê sy dog hy is dood. Ek sê wat my vrou! Ek het hom nog gister sien loop. Sy sê Jan! jou stupid. Dominee, as daar een ding is wat my kwaad maak, is dit as iemand so deurmekaar praat dat niemand verstaan nie. Pit se vrou sê hy is na sy storie met die swembad so sku vir water hy bad skaars. Dinge by hulle is nie lekker nie. Sy sê as sy nie so bang was vir seesiek nie, sou sy sommer saam. Pit sê, Skattie daar is pille wat werk vir seesiek. Jy kan maar pak. Nou praat hulle nie meer nie. Oom dink hulle het groot probleme. Dominee moet asseblief daar uitkom voor dit te laat is. Tom by die slaghuis sê die ding kom 'n

Op reis na (n)êrens DEEL 16

OOM DANIE SKRYF...

deur Albie Schoeman

lang pad. Hy sê hul probleme het begin toe dit uitdagings geword het. Dooms verstaan? Hy sê 'n waar ding, Dominee. Hy sê vandat ons land se probleme uitdagings geword het, is uitdagings ons grootste probleem. Oom verstaan nie heeltemal nie, maar Tom weet waarvan hy praat. Die tannie sê sy het 'n probleem met al die uitdagings. Ek sê, Vrou, mens praat nie meer so nie. Jy moet sê jy het 'n uitdaging met al die uitdagings. Dis mos reg so, Dominee? Tom sê slaggate en korrupsie en beurtkrag



en sulke goed is lankal nie meer probleme nie. Hy sê dit is die nuwe normaal soos Covid. Wat dit ook al beteken, Dominee. Hy sê die regering het nou net een uitdaging en dit is die uitdaging van Ace en Zuma wat as uitgedaagdes die uitdagings uitdaag. Hy sê dit is 'n uitdagende uitdaging. Die tannie sê sy verstaan nie mooi nie, maar as dit so is dan sit ons met 'n moerse probleem. Skuus Dominee, daar kom

deesdae woorde uit die tannie se mond wat sy eers net in haar gedagtes gesondig het. Maar Oom wou eintlik vetel van Kleindaan. Hy en daai wille Fanie vriend van hom was na 'n bring en braai, toe vergeet hulle die tjops onder die sitplek. Nou vra ek hoe braai jy sonder tjops? Vir meer as 'n week moes Kleindaan se vrou en klein Daniekie en die kool en die uie in die kos die skuld kry voor hulle die vrot vleis onder die sitplek ontdek het. Ek sê my magtig in die Fortuner? Klein Daniekie sê, nee Oupa in die Frotuner! Toe klap Kleindaan amper vir Daniekie. Oom moes net keer. Nou is Tom by die slaghuis ook nog kwaad vir my. Ek vra Tom, het jy raad vir vrot vleis? Hy sê as jy nie tevrede is nie gaan koop by 'n ander plek. Dominee, ek wou net hoor van Kleindaan se kar. Dooms, ek voel so jammer vir die kinders. Daniekie sê, Oupa hier vlieg al aasvoëls bo ons huis. Ek sê nee man dit is seker Hadidas. Hy sê nee Oupa, die Hadidas het lankal gevlug. Ou Vossie sê al raad wat hy het, is dat die straathonde sy Frotuner moet opvreet, dan eis hy by die versekering. Jan Put sê verkoop die ding aan iemand met Covid. Hulle sal nie lont ruik nie. Dominee, ons lag nie. Oom sien die gespot maak my seun se hart seer. Die tannie het hulle genooi om by ons te kom eet. Sy sê as jy hulle nie met kos lok nie, kom hulle nie self nie. Ek sê Vrou, los die kinders hulle het genoeg probleme van hul eie. Kleindaan sê hulle kom sommer met

die voet. Hy sien nie kans vir die Frotuner nie. Hy sê seblief net nie skaaptjops nie. Die tannie sê vanaand eet ons internasionaal. Was dit nou lekker, Dominee. Russian en chips en french toast met smokkelvodka wat nog van die lockdown oorgebly het. Oom hoor ou Slons de Lange het amper sy werk verloor. Weet nie of Dooms hom ken nie. Hy werk meestal nagskof by Tom Cat Patrollies. Hy kom nie Sondae kerk toe nie, ou Mollie sê hy slaap liewer by die huis. Sy baas sê as sy hemp so aanhou uithang, is hy sy werk kwyt. Hulle dra mos sulke kamofleer uniforms soos Kader Niehaus. Ag Dominee, dit is 'n lang storie. Slons sê die hemde is te kort en sy baas sê hy kan nie help dat Slons so lank is nie. Toe kom ou Mollie tot sy redding en maak sy hemde langer met ou meelsakkies wat sy nie meer gebruik nie. Kompleet soos 'n babygrow met twee knopies wat daar onder tussen sy oostewind en sy noordpool vaskom. As Dominee verstaan wat Oom bedoel. Slons sê dit krap 'n bietjie en hy sukkel met die aantrek, maar hy het ten minste nog sy werk. Mollie sê as hy eers geleer het om die knopies self vas te maak, sal dit beter gaan. Sy sê sy sukkel self 'n bietjie met sy knope daar onder. Maar wag Dooms. Oom moet nou stoep toe skuif. Die tannie wil klaar maak in die kombuis voor sy die gras gaan sny.

Sê tog groete vir Mevroutjie.

Oom Danie
(As Dooms dalk hoor van iemand wat 'n Fortuner soek met lae kilo's op, laat weet asseblief.)

Skets Erkenning: Mia Marais

WILLEM OP DIE WENPAD

Gemeet aan laas week se opkoms lyk dit of lede uit die huis wil kom om bene te rek en stokke te swaai of dit kan ook wees dat die wederhelftes hulle aanmoedig om te kom gholfe speel. Willem Loots breek deur sy droogte en wen Saterdag se kompetisie met 36 punte. Hy moes ongelukkig die knie buig in sy enkelspel wedstryd teen die deurwinterde Edward

Muller na 'n ekstra uitspeelputjie.

Die M&M kombinasie van Malgas en Moholo wat nog nie 'n dubbelspel wedstryd verloor het nie, was een te veel vir Gerrie Muller en Eben Stander. Dit lyk of daar môre ook heelwat dubbelspel wedstryde gaan plaasvind. Die volledige uitslag soos volg: 1ste Willem Loots, 2de Ruan Mienie en 3de Niklaas van der Walt.



Op die foto bo: Willem Loots

ALLES ONDER EEN DAK

GEREGISTREER BY DIE BURO VAN STANDAARDE

STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION

VERVAARDIGING EN HERSTEL

- Tenkwaens, Plaaswaens, Enkel- en Dubbelaswaens
- Agri Implemente
- Algemene sweis, herstelwerk en vervaardiging
- Vlekvrye staal sweiswerke
- Opmaak van volledige hidroliese sisteme
- Pasmaak van trok en trailer seile
- Alle tipe conveyors

ONDERDELE

- Bearings en Pulleys - Elektriese motors en ratkaste
- Trokonderdele
- Boute, wassers en moere
- Stainless pype en -koppelings
- Hidroliese motors, pompe, pype en -koppelings
- Batterye
- Skoonmaak middels - Degreaser, Autowash, Skottelgoedseep, Waspoeier & Sanitisers

STAINLESS & MILD STEEL	TANKERS & TRAILERS	SPARE PARTS
• TANKS & SKIDS • MICRO-BREWERIES • CONVEYORS & AUGERS • FOOD & BEVERAGE EQUIPMENT • STAIRCASES & PLATFORMS	• ACCIDENT REPAIRS • SUSPENSION MAINTENANCE & REPAIRS • BPW ACCREDITED WORKSHOP • HYDRAULIC & PNEUMATIC SYSTEMS • REGISTERED AS BUILDER & BODY BUILDER	• REBUILT, BPW AXLE AND SUSPENSION • HYDRAULIC PUMPS, MOTORS, PIPES AND FITTINGS • BEARING, MAN/ELECTRIC MOTORS, GEARBOXES & AGRICULTURAL SPARES

058 852 3491 | 082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za | www.ejsm.co.za

Pharmacy & Clinic

PLATTELAND

R99⁹⁵ ACC 200

R169⁹⁵ **R159⁹⁵** Centrum ACTIVE

R189⁹⁵ **R179⁹⁵**

R129⁹⁵ **R119⁹⁵**

063 721 4950 | 087 527 0723

platteland@platteland.co.za

27 Wenwerf Straal, Wenwerf Square, Heilbron

WISSENTRAAL

DIE BESTE BOD

BESTUURDER

P.J. Müller
060 966 9340

AFSLAER

Ian Grobbelaar
060 965 6207

Frankfort/Roadside/Cornelia

Corjan de Jager
079 506 8777

Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside

Fanie vd Merwe
082 494 3127

Tweeling/Retz/Petrus Steyn/Frankfort

David Gerber
082 489 7424

Villiers/Cornelia/Grootvlei

Fanie vd Merwe (Junior)
061 180 6802

Villiers/Cornelia/Grootvlei

Pula Giliomee
082 788 5338

Heilbron/Edenville/Oranjeville

Hugo Groenewald
082 569 7205

JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Langs R101 Dinsdal)

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.* Kantoorure 058 852 3033.

BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

MAANDAG - 19 JULIE 2021

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

DINSdag - 20 JULIE 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuys 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

HARRISMITH : FERRERO BONSMARAS
PRODUKSIEVEILING
410 Beeste
11:00, Grootdraai
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 21 JULIE 2021

NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

NEWCASTLE : ALS BEEFMASTERS
PRODUKSIEVEILING
11:00, Lofdal
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

DONDERDAG - 15 JULIE 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

BRANDFORT : NELLO DOHNE MERINO
STOET - PRODUKSIEVEILING
11:00, Ofra
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 744

VRYDAG - 23 JULIE 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marius Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

SATERDAG - 24 JULIE 2021

PARYS : FANIE MYBURGH UITVERKOPING
Elendomme & plaatoerusting
11:00, Plot 10 (Pistorius Rust)
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049



www.bkb.co.za

BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
t: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 231
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za